kwartaal 3 uitgawe 2

2008 JANNEWALES

Griepverklaring

Die Hoërskool Jan van Riebeeck beleef sedert die opening vir die derde kwartaal ‘n tydperk kenmerkend van groot getalle afwesighede weens griep. Hierdie toestand beperk normale akademiese en ko-kurrikulêre programme en vrese van ouers dat die H1N1 virus (varkgriep) sal uitbreek by die skool, maak dit ook nie makliker nie.

Die skoolbestuur en beheerliggaam was reeds in gesprek met die Onderwysdepartement en ‘n groep medici om hierdie kwessie te hanteer. Dit is belangrik dat ouers en leerders die reëlings wat reeds getref is, sal eerbiedig; deurdat wanneer ‘n leerling simptome van griep toon (ontsteking van slymvliese, spierpyne en ‘n koors meer as 38°C), hierdie leerling onverwyld na ’n mediese praktisyn geneem sal word en reageer op die voorskrif met bedrus wat voorgeskryf is. Verder is dit belangrik om te verstaan dat die H1N1 virus ook net ‘n griepvirus is met dieselfde simptome en benodig hoofsaaklik behandeling teen hoë koorsvlakke. Die enigste wyse hoe dit tussen persone oorgedra kan word, is per spuugsproei voortspruitend uit hoes of nies en dan direk ingeasem word.

Ouers moet asseblief nie bekommerd wees dat:

1. ‘n Varkgriep-epidemie by die skool sal uitbreek mits ons volgens die riglyne hierbo optree nie.
2. Leerlinge ‘n akademiese agterstand sal opbou weens afwesighede nie. Alle verlore geleenthede sal opgevang word deur intervensieklasse, terwyl sperdatums vir take aangeskuif word.

JvR-gebedsgroepie

Kom sluit gerus aan by JvR se gebedsgroepie

'n Paar ouers ontmoet een keer per week om vir ons kinders en die skool te bid.

Tyd: Elke Dinsdag 13:00 tot 14:00

Plek: Meisieskoshuis se sitkamer

Almal is baie welkom!

Matriek-opsieners

Die skool is **DRINGEND** op soek na persone wat belangstel om aan die einde van die jaar toesig te hou by die Matriekeksamen.

Kontak asseblief die skool by 021 423-6347 indien u belangstel.

HOëRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

Tel: 021423-6347 / Faks: Ontvangs: 021 424-5520 / Faks Finansies: 021 424-5427 / Sport: 021 424-

Kloofstraat 129, Kaapstad SKOOLHOOF: Mnr. Hammies van Niekerk

Netbalwedstryde

Die datums waarop die oorblywende ligawedstryde sal plaasvind, is as volg:

Donderdag, 6 Augustus - Monument Park vs JvR (weg) – alle spanne

Dinsdag, 11 Augustus - JvR vs Tygerberg (tuis) - alle spanne

Dinsdag, 18 Augustus - DF Malan vs JvR (weg) – **SLEGS 0/19 A&B-spanne**

Woensdag, 19 Augustus - JvR vs DF Malan (tuis) – alle ander spanne, behalwe ——————————————————————— 0/19 A&B

Ensemble

Die ensemble van die Hoërskool Jan van Riebeeck het Maandagaand aan die FACETS-kompetisie by die Hoërskool Sans Soucci deelgeneem. Ten spyte van ‘n baie siek leier-klarinet, Sophia, wat tóg kom speel het (ja, sy is onmisbaar!), en ‘n tweede fluit wat te siek was om te speel, het ons ensemble hulle goed van hul taak gekwyt en ‘n algehele persentasie van 84% behaal. Daar is ook spesiale melding gemaak van ons briljante pianis, Flippie. Om die beoordelaar se woorde te eggo: “...wat instrumenteel was in hierdie uitvoering.” Baie geluk aan julle!

KAPSTADTinternational
PROPERTIES

R 4 500 000

The Moorings
Grand old Gentleman's Residence. Secure & north-facing in sought-after Belmont Avenue.
4 en-suite bedrooms, generously proportioned reception rooms.
Double garage, small garden and private pool.
www.kapstadtinternational.co.za

web ref: 727842

For an appointment to view, call Anna Gehlhaar 072 122 9513 or 021 424 2211

City Bowl 021 424 2211
www.kapstadtinternational.co.za

house home heart